JAARVERSLAG : 2003/2004

1. **INLEIDING**

Dit is weer ‘n voorreg om die volgende verslag aan u voor te hou. Daar was soveel mooi dinge waarvan u hier kan lees dat ons nie anders kan as om te sê dat die Here se genade DF weer die afgelope jaar gedra het nie.

Natuurlik was die negatiewe ook teenwoordig, dinge waarvan u seker ook bewus is: dissipline-probleme en dikwels swak samewerking van ouers in dissipline-aangeleenthede, arbeidsonrus in onderwysgeledere, soms vreemde opdragte vanaf die Onderwysdepartement, ens.

‘n Belangrike ontwikkeling was die invoer van drie nuwe vakke, naamlik Rekenaarstudie, Spraak en Drama en Reis en Toerisme. Die doel is om die moontlikheid van ‘n meer beroepsgerigte vakkeuse vir ons leerders te skep, en om ons te posisioneer vir die nuwe kurrikulum-ontwikkelinge.

Die Graad 12's het in die jaar die eerste keer ‘n departementele Septembereksamen geskryf wat redelik goed afgeloop het. Verder het die Graad 9's weer ‘n eksterne eksamen geskryf, bekend as GTA’s (Gemeenskaplike Take vir Assessering), en ook dit is met redelik min probleme afgehandel. Die stelsel van deurlopende evaluering vir Graad 12's met gepaardgaande moderering - ook van die Graad 9 take - was sake wat tyd en krag in beslag geneem het, en wat nie sonder frustrasie afgeloop het nie. Alhoewel dit al baie verminder het, bly die gebruik van onderrigtyd vir hierdie tipe vergaderings ‘n bron van ontevredenheid. Verder was daar die onsekerheid rondom die invoer van die Verdere Onderwys en Opleiding fase (Graad 10 tot 12). Die Departement van Onderwys gaan ten spyte van besware voort met beplanning om dit vanaf 2006 in te stel.

Tog bly dit waar dat die plusse die minusse weer oortref het, en die hele DF gemeenskap kan trots en dankbaar wees op dit wat bereik is. Mag die lees van die bladsye wat hierop volg u ook hiervan oortuig.

2. ONDERWYS

2.1 BEHEERLIGGAAM

Die verkose Beheerliggaam is tans:

Voorsitter:	Prof. J.J. van Wyk
Onder-voorsitter:	Mnr. A. Kilian
Sekretaresse:	Mev. P. Vosloo (opvoeders)
	Mev. R. Dippenaar (gekoöpteer)
	Mnr. H. Loots
	Prof. D. Raubenheimer (gekoöpteer)
	Mnr. J. Wasserman
	Mev. C. Watson
Skoolhoof:	Mnr. P. Hauman (ex officio)
Personeelverteenwoordigers	Mnre. D. Bezuidenhout, H. Potgieter, Mev. P. Vosloo
Leerderverteenwoordigers:	Emile Bester, Maryke Serfontein

Mnr. J. Barnard en dr. D. Doubell wat verkies is, het ongelukkig bedank. ‘n Tussenverkiesing sal gehou word. Finansiële dissipline, fasiliteite en dissiplinêre verhore is van die sake wat voortdurend aandag geniet. ‘n Nuwe bussie moes gekoop word en moontlik-hede oor die verhuur van grond word tans ondersoek.

Die Beheerliggaam is baie dank verskuldig teenoor

- ouers wat hul finansiële verpligtinge getrou nakom;
- donateurs en borge;
- die OOV en Ondersteunersklub;
- bestuur van die verskillende sportklubs;
- ons bemarker vir fondse geïn deur advertensieborde, funksies gereël, ens.

2.2 **ONDERWYSPERSONEEL**

Skoolhoof:

Mnr. P. Hauman M.Sc., B.Ed.

Adjunkhoof:

Mev.S.M.Labuschagne B.Comm., S.O.D.	-	Rekeningkunde

Departementshoofde:

Mnr.E. Erasmus B.Comm.(Ed.), B.Ed.	-	Handelsvakke
Mnr.T.P.A.L.van Wyk B.A.,H.O.D.	-	Gesk., Afrikaans
Mnr. J. de Jager B.A., M.Ed.	-	Afrikaans
Mev. M. McFarlane M.A. (Maatsk.), S.O.D.	-	Geskiedenis
Mev. P. Vosloo B.A.(Hons.), H.O.D.	-	Xhosa

Onderwysers:

Mnr. D. Bezuidenhout B.A., H.O.D.	-	Engels
Mej. A. Bosch B.A.Ed. (Sek.), B.Ed., B.Cur.	-	Afrikaans
Mej. A. Carstens H.O.D. (Handel)	-	Handelsvakke
Mev. D. Griffin N.Dip.Lib. en Info.Sc.	-	Rek.-geletterdheid
Mev. M. Hanekom H.O.D. (Ekon.Wet.)	-	Handelsvakke
Mnr. D. Jacobs B.A. (Hons.), MSS	-	J.O.T.
Mej. E. Jonker B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Aardrykskunde
Mej. C. Killian B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Engels, Afrikaans
Mev. C. Landman B. Mus.	-	Musiek
Mnr. F. O'Connell B.Sc.	-	Wiskunde, Skeinat
Mev. M. Odendaal B.Sc., H.O.D.	-	Wiskunde
Mev. M. Röth M.Sc.	-	Skeinat, Wiskunde
Mnr. L. Sangerhaus P.O.D., O.D. (Handwerk)	-	Houtwerk
Mev. L. Schoeman B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Xhosa, Wiskunde
Mej. M. Scholtz B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Wiskunde, Engels
Mnr. J.M. Smit O.D., H.O.D.	-	Biologie
Mnr. M.L. Smith B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Biologie
Mev. K.E. Stead B.A., H.O.D., H.D. (Bib.), Dip. Spes. Ond.	-	Engels
Mev. H.E. Steenkamp M.Mus.,ODMS, UVLM	-	Musiek
Mev. A. van der Merwe B.A., S.O.D.	-	Afrikaans
Mev. H.J. van Straten B.A., H.O.D.	-	Engels
Mnr. M. van Zyl B.A., H.P.O.D.	-	Biologie
Mev. M. Visser B.Huish. (Ed.)	-	Huishoudkunde

Nuwe personeellede wat in Januarie by ons aangesluit het, is mevv. M. Röth en K. Stead en mnr. M.L. Smith in die poste wat vroeër deur onderskeidelik dr. J. Koorts, mev. M. Olivier en mev. E. Barnard beklee is.
Ons het ook in die jaar oor die dienste van die volgende studente beskik wat hul internskappe hier gedoen het: mnre. J. Black, J.P. du Preez en F. Roets.
Aan die einde van die jaar moet ons mev. K. Stead ná 1 jaar groet. Baie dankie aan haar vir haar dienste.

2.3 **NIE-DOSERENDE PERSONEEL**

Hierdie baie hardwerkende span het genadiglik dieselfde gebly.

Sekretaresse:	Mev. L. Peens
Laboratorium Assistente/Bibliotekaresse:	Mev. E. Serfontein
Administratiewe Assistente:	Mev. E. Fox
Voorman:	Mnr. H. Potgieter
Boekhoudster:	Mev. B. Burns

Ons is bevoorreg om sedert April oor die dienste van 'n voltydse sport-organiseerder te beskik. Hierdie pos is moontlik gemaak deur 'n ruim borgskap van Pick 'n Pay wat grootliks deur die rugbyklub beding is. Die borgskap is

onderhewig aan voorwaardes wat aanbied van klinieke vir sogenaamde agtergeblewe skole insluit. Mev. Sandra Ferreira se aansoek was suksesvol, en in dié driekwart jaar het sy reeds so ‘n groot bydrae gelewer dat ons wonder hoe ons sonder so ‘n pos klaargekom het. Behalwe sport-organisasie en -afrigting help sy ook met bemarking en media-skakeling.

2.4 **OUER-ONDERWYSERSVERENIGING**

Die bestuur van die OOV was mnr. Theuns Hattingh (voorsitter), mevv. Tanya Liebenberg (onder-voorsitter), Charlene de Coning (sekretaresse), Lynette Oosthuizen en Rouché Wietz.
Die vereniging het vanjaar weer baie hard gewerk in belang van ons skool. Tydens die Gedenkweek het hulle meer as hul kant gebring by die Gedenklesing (versiering van die saal en verversings), en die Kabaret-aand waar kaartjies verkoop moes word. Altwee dié aande was spog-geleenthede en die OOV is tevrede met wat bereik is.
Die OOV het verder groot werk gedoen tydens die funksie vir die nuwe Staatmakers en hul ouers, die Matriekdans waar hulle die voorportaal versier het, en die reël van die Matriek-modeparade.

‘n Skenking van 19 tafels is aan die skool gemaak. Staaltafels wat stukkend was, is reggemaak.
‘n Groot teleurstelling was dat die jaarlikse lentedans as gevolg van ‘n gebrek van belangstelling nie kon plaasvind nie.
Ten spyte van die dans was dit ‘n goeie jaar vir DF se OOV en die skool is hulle baie dank verskuldig.

2.5 **LEERLINGRAAD**

Die leerlingraad van 2003/2004, onder leiding van die hoofleiers, het gedurende hulle ampstermyn ‘n baie besige, uitputtende, maar tog geslaagde jaar beleef.
Die leerders, ouers en personeel het groot waardering vir die wyse waarop dié besondere groep Staatmakers hulle take met ywer aangepak het en ‘n reuse sukses gemaak het van hulle ampstermyn.
Die vier hoofleiers het gedurende hulle termyn ‘n nasionale simposium, gereël deur die ATKV, bygewoon wat die grondslag gelê het vir hulle jaar.
Daar is aan die begin van hulle ampstermyn ‘n uiters geslaagde Staatmakerkamp by Thomas Baines-natuurreservaat gehou. Tydens dié kamp het elke Staatmaker geleer wat die waarde is van samewerking en daar is deeglik voorberei vir die jaar.
Elke leerlingraadlid het die nuwe graad 8-leerders baie gou tuis laat voel en hulle het alles in hulle vermoë gedoen om die nuwe Malherbiete welkom te heet.
Onder die verskeie pligte van die leerlingraad is daar die volgende: hulp met dissipline, die reël van saalbyeenkomste, die hou van ‘n verjaarsdagboek en plakboek, die hys en stryk van vlae, die aanbring van datums op die Hoofwegkennisgewingbord, skakeling op verskeie vlakke tussen die leerders en personeel, ens.
Daar is ook op ‘n gereelde basis met leerlingsraadslede van omliggende skole geskakel.
Onder die bekwame leiding van Emile Bester en Maryke Serfontein het die leerlingraad opgetree as ware ambassadeurs vir D.F. Malherbe.
Ons opregte dank aan dié span vir hulle waardevolle werk, die voorbeeld wat hulle gestel het en die wyse waarop hulle die belange van ons skool gedien het.

Ons Staatmakers - ons trots!

Baie dankie aan:

Amor Adendorff	***Stephan Steinman***
Carla Barnard	***Martell Schoeman***
Emile Bester	***Maryke Serfontein***
Lelané Buys	***Mariska Strydom***
Daleen du Toit	***J.O. Venter***
Nicola du Toit	***Bianca Vermaak***
Eben Erasmus	***Jennifer Victor***
Anton Kilian	***Annemi Wolmarans***
Niel Koch	***Danie Bezuidenhout***
Werner Kriel	***Elske Ferreira***
Eugéne Labuschagne	***Kim Nel***
Casper le Grange	***Esti van der Merwe***
Jopie Pretorius	***Marnus van Eeden***
Tanya Roberts	***Gwendolene Willemse***

2.6 **VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS**

Die VRL het vanjaar weer opgetree as skakel tussen die personeel en leerders. Die skoonmaak van klaskamers, bidbeurte, verjaardagge-lukwensinge is onderling in registerklasse gereël.
Die VRL was ook betrokke by die invoer van serpe as amptelike skooldrag.
Soos in die verlede was die samestelling van die huiswerkboekie 'n groot projek, en is daar weer 'n Kultuur-Plesierdag aan die einde van die eerste kwartaal gereël.
Die voorsitter het ook die Beheerliggaam-vergaderings bygewoon.

Die VRL-verteenwoordigers vir 2004 was:

8SC	Amy Rheeder en Sarel Odendaal	8GR	Jamie-Lee Kriel en Tyron Kemp
8VI	Lauren du Plooy en Morné J. van Rensburg	8VS	Berndine Waldeck en Ruan van Rensburg
9AN	Janita Petzer en Wessel van Wyk	9BA	Inge Strydom en Dewald van Wyk
9BO	Adri Louw en Roland Killian	9RO	Natasha Geldenhuys en Anton Crousé
10OV	Janneke Wolmarans en Steffan Raubenheimer	10BE	Michelle Kilian en Ruben Botha
10HA	Bianca Swanepoel en Ettiëne Vosloo	10VM	Bianca Nortje en Ruan Roodt
11ST	Leanne Vermaak en Jaco-Louis Maritz	11OD	Janique Rossouw en Nellis Bothma
11SA	Andri Schutte en Peter Wood	11VZ	Dorothy Troskie en Tiaan Keyser
12KI	Maryke Serfontein en Jopie Pretorius	12CA	Casey-Lee Rankin
12JO	Angelique Breet en Divan le Roux	12OC	Jame Chamberlain en Richard Herion

Voorsitter: Maryke SerfonteinOndervoorsitter: Jopie Pretorius

2.7 **INSKRYWING EN SKOOLBYWONING**

Die onderstaande gegewens toon ons gemiddelde inskrywings en die skoolbywoningsyfer.

	2001	**2002**	**2003**	**2004**
Gemiddelde inskrywing	648	641	637	585
Persentasie bywoning	95,4%	94,5%	97,9%	96,2%

2.8 **EKSAMENUITSLAE 2003**

Graad	**Aantal kandidate**	**Aantal druipelinge**	**Slaagpersentasie**
8	120	10	91,7%
9	120	3	97,5%
10	125	11	91,2%
11	110	2	98,2%

12	141	1	99,3%
TOTAAL:	**616**	**27**	**95,6%**

Hartlik geluk aan die volgende 33 kandidate wat die Senior Sertifikaat-eksamen (2003) met 'n A-totaal geslaag het:

Charl Botha — ***Andrea Nell***
Karlien Bothma — ***Frans Odendaal***
Alyssa Carvalho — ***Liani Pilcher***
Dawid Dippenaar — ***Hanli-Mariet Raubenheimer***
Ockert Fourie — ***Lecia Rossouw***
Anuschka Grabowski — ***Chantal Spies***
Rojean Hanekom — ***Ursula Strauss***
Suzaan Hauman — ***Erna Terblanche***
Roché Hayward — ***Ulrich Terblanche***
Jaco Jansen — ***Benette van As***
René Jonker — ***Liné van As***
Elise Joubert — ***Kelly van Heerden***
Jacques Laas — ***George van Wyk***
Lindi le Grange — ***Annelie van Zyl***
Jana Loots — ***Celeste Viljoen***
Monique McLeod — ***Suné von Solms***

Mark Nel

Dertien van dié kandidate was onder die honderd top kandidate van die Departement van Onderwys, Kultuur en Sport van die Oos-Kaap Provinsie.

7	**Suné von Solms**	**25**	**Liani Pilcher**	**66**	**Dawid Dippenaar**
10	**Suzaan Hauman**	**50**	**Hanli-Mariet Raubenheimer**	**87**	**Rojean Hanekom**
16	**Jana Loots**	**56**	**Charl Botha**	**93**	**Alyssa Carvalho**
17	**Jacques Laas**	**64**	**Mark Nel**	**96**	**Frans Odendaal**
23	**Lecia Rossouw**				

Nogmaals puik prestasies - DF is trots!

2.9 **OLIMPIADES, ENS.**

2.9.1 **Afrikaans Olimpiade**: Ansie van der Merwe het 'n pragtige prestasie behaal om dertiende landswyd en onder die eerste drie in die Oos-Kaap te eindig. Sy is ook uitgenooi om 'n weeklange kursus, genaamd Kunstekstase, tydens die Aardklopkunstefees op Potchefstroom by te woon. Ansie wen ook 'n R100-geskenkbewys as DFM se beste presteerder. Nicola du Toit en Tanya Dutton eindig onder die eerste tien in die Oos-Kaap. DFM eindig eerste in die Oos-Kaap en agtiende in die land.

2.9.2 **Taalbond**: Soos in die verlede het 'n groepie leerders die S.A. Taalbond Tweetaligheidseksamen geskryf en geslaag. Die uitslae is soos volg: **Seniors**: Ansie van der Merwe (Met Lof - 80% tot 100%), Charlotte Hauman (Graad 1 - 70% tot 79%), Bianca Vermaak (Graad 1), Marieka Barnard (Graad 2 - 60% tot 69%), Leané Botha (Graad 2), Liska du Preez (Graad 2), Daleen du Toit (Graad 2), Tanya Dutton (Graad 2), Arno Janse van Vuuren (Graad 2) en Marcel van der Mescht (Graad 3 - 50% tot 59%). **Juniors**: Amy Rheeder (Graad 1), Liza Carne (Graad 2), Ané Ferreira (Graad 3), Karla Mülder (Graad 3), Roselle Otto (Graad 3) en Xandri Schoultz (Graad 3).

2.9.3 **English Olympiad**: Vier van ons leerders het in Maart vanjaar aan hierdie olimpiade deelgeneem en die volgende toekennings ontvang: Marieka Barnard (Goud); Michelle Muller (Brons); Daleen du Toit (Meriete); Bianca Vermaak (Meriete). Spesiale gelukwense aan Marieka wat onder die top 150 uit 4 200 kandidate geëindig het.

2.9.4 **Engelse Kunswedstryd**: Lindy Scott het 'n goud in die *Poetry Celebration*-afdeling en 'n dubbelgoud in die Prosa-afdeling verower.

2.9.5 **MINTEK-vasvra**: Arno Janse van Vuuren, Stephanus Swanepoel en Annemi Wolmarans het ons in dié kompetisie verteenwoordig.

2.9.6 **Wiskunde Olimpiade**: Twaalf leerders het vanjaar aan die Harmony Gold Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade deelgeneem. Die volgende vyf het na die tweede ronde deurgedring: Graad 9 - Esther McFarlane, Roné McFarlane en Roland Killian, Graad 8 - Amy Rheeder en Karla Mülder. Amy Rheeder het verder uitsonderlik gepresteer deur na die finale ronde deur te dring waar sy 'n bronsmedalje verwerf het.

Tien leerders het ook vanjaar aan die UPE se Wiskunde Kompetisie 2004 deelgeneem. Die volgende

leerders het na die finale ronde deurgedring: André Laas, Charlotte Hauman, Tanya Dutton, Roland Killian, Esther McFarlane, Roné McFarlane, Wessel van Wyk en Amy Rheeder.

2.9.7 **SANLAM Wêreldkennis Olimpiade**: Agtien leerders het vanjaar aan die Sanlam Wêreldkennis Olimpiade deelgeneem. Die hoogste punte is behaal deur Charlotte Hauman (59%) en Nina Rossouw (58%).

2.10 LOOPBAANDAE 2004

Die leerders was vanjaar bevoorreg om drie insiggewende loopbaandae te kon bywoon. Graad 11 leerders het die Inkanyesi-UPE loopbaandag in die Veremarksentrum besoek waar 'n wye verskeidenheid uitstallers beroepe aan leerders bekend gestel het.

Die *Rocking Future Road Show* het 'n uitstalling van tersiêre inrigtings in en om Port Elizabeth in ons skoolsaal gehou. Alle graad 10 tot 12 leerders kon dit bywoon. Musiek en weggeepryse is gebruik om leerders se aandag te behou, terwyl belangrike inligting deurgegee is.

Die Wes-Kaapse Loopbaanuitstallersvereniging het 'n twee dae lange uitstalling in die skoolsaal gehad en 'n groot aantal skole in Port Elizabeth en omtrek is uitgenooi om die uitstalling te besoek. Die hele skool het in klasverband die uitstalling bygewoon. Dit was so 'n groot sukses dat dit volgende jaar herhaal gaan word.

Leerders is ook aangemoedig om verskeie instansies se opedae by te woon sodat kennis oor verskillende beroepe ingewin kan word en leerders 'n meer ingeligte keuse kan maak.

3. BUITEMUURSE AANGELEENTHEDE

3.1 GEESTELIK

3.1.1 DIE VERENIGENDE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING (VCSV)

'n Groot deel van DF se leerders is betrokke by die VCSV; dus vorm dit 'n integrale deel van die skoolprogram.

LEDETAL: Daar was vanjaar 200 ingeskrewe lede, waarvan 44 kringleiers was. Die bestuur het uit 10 lede bestaan. Daar is sewe personeellede betrokke, asook mnr. Derek Jacobs, die JOT-onderwyser.

BYEENKOMSTE: Kringbyeenkomste, afgewissel met groepbesprekings, vind op Vrydagmiddae van 13:30 tot 14:10 plaas.

BASAAR: Ons basaar in Mei was 'n reusesukses en ons het 'n wins van ongeveer R9 000 getoon. Hierdie fondse maak dit moontlik om ons verpligting teenoor VCSV Oos-Kaap na te kom - hierdie jaar is 'n bedrag van R7 000 oorbetaal.

Gereelde koffiekroegaande, waar spesiaal genooide sprekers optree, is gehou. Ongeveer 100 lede, asook leerlinge van ons buurskole, woon hierdie geleenthede by. Bidure vind op weeklikse grondslag plaas en die bestuur het Vrydagmiddae vergader. Leiersklas vind gedurende Bybelonderrigperiode plaas en Vrydagoggende word heerlik in die gang saamgesing.

UITREIK: Ons het ook uitgereik na die ouetehuise in ons omgewing met 'n besoek deur ons lede waartydens geskenkies oorhandig is.

VAS en WAKKERBLY AAND: Ons het hierdie jaar 'n vas en wakkerbly aand gehou waar leerders borge moes insamel om 36 uur sonder kos te bly en deurnag wakker te bly. Hierdie projek het deel uitgemaak van 'n inisiatief van *Geopende Deure* om kinderbybels te versprei in China, Viëtnam en Indië. Die leerders het vir hierdie waardige saak 'n bedrag van R12 600 ingesamel.

Baie dankie aan lede se ouers, personeel en hierdie jaar se bestuur, sonder wie se insette en ondersteuning DF se VCSV nie sou kon funksioneer nie.

Aan Jesus Christus, ons Here, al die eer en dank vir 'n geseënde jaar.

3.1.2 SKOOLVERLATERSKAMP

Die skoolverlaterskampe gedurende die Junie-vakansie is nou al jare lank 'n tradisie, en 2004 was geen uitsondering nie. Matrieks van regoor die provinsie het by Jeffreysbaai, Lekkeroord en Zuurberg saamgetrek. Weer eens was al die kampterreine stampvol. Die Malherbiete wat die kampe bygewoon het, kan nie een uitgepraat raak oor hoe wonderlik dit was nie. Nuwe vriendskapsbande is gesmee en menige geestelike lewens is verdiep. Die graad 11's van 2004 word aangemoedig om in groot getalle op te trek volgende jaar!

3.2 KULTUURVERENIGING

Die deelname van 'n groot aantal DF leerders aan ons kultuur-bedrywighede is 'n riem onder die hart. Hul positiewe ingesteldheid en entoesiasme het tot baie mooi prestasies gelei.

3.2.1 REDENAARS

Op 2 Maart is die interne Senior Redenaarsaand gehou. Soos gewoonlik was die beoordelaars beïndruk met die hoë standaard wat ons sprekers gestel het. Die volgende vier leerders is as wenners aangewys: Eerste - Nicola du Toit, Tweede - Maryke Serfontein, Derde - Charlotte Hauman en Vierde - Liesl Oosthuizen.

Tien dapper graad 8 en 9 leerders het op 17 Maart aan die Junior Redenaarskompetisie deelgeneem. Die meeste was debutante, maar het hul goed van hul taak gekwyt. Die volgende leerders is as wenners aangewys: Eerste - Roné McFarlane, Tweede - Lindy Scott en Derde - Karla Mülder.

Ses van ons leerders het op Vrydag, 23 April aan die ATKV Redenaarskompetisie se Streeksuitdunne deelgeneem. Ons is trots op hulle, nie net omdat hulle hul bes gelewer het nie, maar omdat hulle ware ambassadeurs was en goeie sportmangees getoon het. Die beoordelaars het spesiaal melding gemaak van Roné McFarlane en Liesl Oosthuizen se puik voorbereide toesprake. Vyf van ons deelnemers het tot die onvoorbereide ronde deurgedring, wat beteken dat hulle onder die beste vyf in hul onderskeie kompetisies geplaas is. Nicola du Toit en Liesl Oosthuizen is as reserwes aangewys en dan is ons baie trots daarop dat DF vir die eerste keer in agt jaar weer 'n seunswenner het in Nicky du Toit.

Op Vrydag, 28 Mei, het die ATKV Redenaarskompetisie se halfeindronde by DF plaasgevind. Vyf-en-vyftig leerders, vanaf graad 1 tot 12 en van skole so ver soos Aliwal-Noord, Ugie, Elliot tot Knysna, Oudtshoorn, Mosselbaai en Calitzdorp was ons gaste. Nicky du Toit het ons verteenwoordig en het sy beste gelewer. Vyf-en-twintig van ons leerders het as helpers opgetree en baie hard - en tot baie laat - gewerk. Die Gautengse beoordelaars asook besoekende ouers was vol lof vir ons skoon skool, vriendelike leerders en baie bekwame helpers. Baie dankie aan almal wat bygedra het tot die sukses van die dag. Dit word beslis raakgesien en gewaardeer.

SENIOR BEKGEVEG

Die jaarlikse Bekgeveg is op 18 Maart by Hoërskool Framesby gehou. Ons vier spanne het 'n genotvolle aand gehad en beïndruk met hul geesdrif, spangees, kennis en kreatiwiteit.
Die graad 12 span is as die algehele wenners aangewys en die graad 10 span was derde.

3.2.2 VASVRA

D.F. Malherbe se vasvraspan bestaande uit Nina Rossouw, Saskia Loots, Charlotte Hauman en Ryno Els het vanjaar aan die *Herald Schools Quiz* deelgeneem.

Dit is die sewe-en-dertigste bestaansjaar van dié vasvrakompetisie en twee-en-dertig skole het deelgeneem. In die eerste ronde het DF 'n loslootjie gehad. In die tweede ronde klop DF vir St Thomas met 12 - 8. St Thomas het die kompetisie vanaf 2000 tot 2002 gewen. In die kwarteindronde klop ons vir Uitenhage Sekondêre Skool met 11 - 10 en in die semi-finale vir Alexander Road, die 2003 wenners, met 14 - 13. In die finale ronde verloor DF naelskraap met 14 - 17 teen Gelvandale Sekondêre Skool.

Baie dankie aan die span vir hul harde werk en geesdrif. Volgende jaar kom DF met die wennerstrofee terug huis toe!

By die Interskole byeenkoms klop DF vir Nico Malan met 63 - 50 - ons vierde agtereenvolgende oorwinning!

3.2.3 DF APPLOUS

DF Applous het in die laaste week van Mei 'n uitstekende aand van eenbedrywe aangebied. Vier toneelstukke is op die planke gebring naamlik *Boem in die Boks*, *Besoek van die Engele*, *Romeo en Juliet met 'n Twist* en *Die wonderlike, die afskuwelike en die sepie*. Twee van hierdie stukke naamlik *Besoek van die Engele* en *Romeo en Juliet met 'n Twist*, is onderskeidelik deur Elsabé Grobler (Graad 12) en Samantha de Klerk (Graad 11), wat leerders van die skool is, geskryf.

Tydens die eenbedryfaand word die volgende toekennings gemaak: Beste aktrise - Charlotte Hauman, Naasbeste aktrise - Lindy Scott, Beste akteur - Eben Gerber, Naasbeste akteur - Daantjie Wolmarans, Beste stuk - *Boem in die Boks* - regie deur Charlotte Hauman en Roné McFarlane.

Drie van hierdie stukke het deurgedring na die ATKV se streeksuitdunne vir die Oos-Kaap wat in die *Opera* gehou is. Die drie stukke was *Boem in die Boks*, wat as wenner aangewys is, asook *Besoek van die Engele* en *Romeo en Juliet met 'n Twist*. Verskeie sertifikate word toegeken. Brons aan: Lindie van Zyl (vir goeie spel), Roné McFarlane (vir goeie spel), Werner Norval (vir goeie spel), Elsabé Grobler (vir die skryf van die teks asook regie) en Samantha de Klerk (vir die skryf van die teks); Silwer aan Charlotte Hauman (vir uitmuntende spel). *Boem in die*

Boks verower nie minder nie as drie brons sertifikate vir regie, klank en beligting. Ongelukkig het *Boem in die Boks* nie deurgedring na verdere optredes nie.

Die groep leerders wat buitemuurs drama by Linda-Louise Swain neem, het ook uitstekende prestasies gelewer. Hulle het aan die *Medieval Fayre* deelgeneem (waar fondse ingesamel is vir Kaap Recife Skool en Cheshire Homes). Verder neem hulle deel aan die *S.A. Guild of Speech and Drama Teachers' Festival* en het van hulle aan die *Trinity College* van Londen se eksamens deelgeneem. Hulle is:

Elzahn Keyser	:	Fayre en Trinity-eksamen
Kim Zwiegelaar	:	Fayre en Trinity-eksamen
Elsie Dippenaar	:	Fayre en Trinity-eksamen
Lindy Scott	:	Goud en Dubbel-goud: Festival en Fayre
Lindie van Zyl	:	Goud: Festival
Karla Mülder	:	Goud en Dubbel-goud: Festival en Fayre
Jacqueline du Toit	:	Silwer en Goud: Festival en Fayre

3.2.4 **SKOOLTYDSKRIF : MALHERBIET**

Die sukses van Malherbiet word grootliks bepaal deur die betrokkenheid van redaksielede, ouers, vriende van Malherbiet asook die steun uit die sakegemeenskap in Port Elizabeth. Vanjaar was weer eens 'n besondere jaar. Onder leiding van die redakteur, Ruaan Naudé, het Malherbiet 'n besonder hoë standaard gehandhaaf. Die entoesiasme en lojaliteit van 2004 se redaksie het van elke uitgawe 'n plesier gemaak. Wel gedaan!

Projekte wat aangepak is om fondse vir Malherbiet te genereer, was weer die gewilde Valentynsbal, Voorafnooi- en die uiters gewilde Voorbladnooi-kompetisie. Die advertensiewerwingspan onder leiding van Gwendolene Willemse en Delia Nel het verder ook gesorg dat ons die meeste advertensies nóg gewerf het. Aan al die redaksielede wil ek graag 'n spesiale woord van dank rig. Julle het Malherbiet tot verdere hoogtes gelei. Nogmaals dankie.

Aan die ouers wat met soveel entoesiasme en ywer deel is van die span: baie, baie dankie. Ook aan ons borge en adverteerders 'n BAIE spesiale woord van dankie. Sonder julle ondersteuning sou alles nie moontlik wees nie. Aan die drie personeellede sonder wie se ondersteuning en harde werk my taak soveel moeiliker sou gewees het, mev. P. Vosloo en mej. M. Scholtz en mev. D. Griffin, baie dankie.

3.2.5 KOOR EN MUSIEK

Die volgende leerders is gekies om in die O.P. Jeugkoor 2004 te sing: Bianca Vermaak, Alisca du Plooy, Monique Iverson en Jacqueline du Toit. Bianca is ook as voorsitter gekies.

Ensemble: Die ensemble het hierdie jaar aan die einde van die Gedenklesing agtergrondmusiek verskaf en ook gedurende Saalbyeenkomste opgetree.

Kabaret: Die kabaretgroep is aan die begin van 2001 gestig. Die groepie staan bekend as "Silhouette", en het ongeveer agt optredes gedurende die jaar gehad. Van die hoogtepunte was die Lize Beekman kabaretaand, die Kultuur Prysuitdeling (Hoërskool D.F. Malherbe) en die Damestee saam met Bertha Cronje.

Ons musiekleerders het aan die Despatch Kunsfees deelgeneem en soos volg presteer: Kristine Dutton (blokfluit) - 2 goue toekennings, Roland Killian (klavier) - 1 goue toekenning, Tanya Dutton (klavier) - 1 goue en 1 silwer toekenning, Liska du Preez (viool) en Leané Botha (fluit) - 1 silwer toekenning en Leané Botha (fluit) - 1 silwer toekenning.
Tanya Dutton het die musiekteorie graad 5 eksamen van *Unisa* eervol afgelê.
Lisa Sieberhagen en Celeste Kruger is as onderskeidelik trompetspeler en violis vir die Oos-Kaapse Filharmoniese Jeugorkes gekies.

3.3 MATRIEKTOER

Die matriektoer van 2004 was vanjaar weer, soos in die verlede, een van die hoogtepunte van elke matriekleerder wat gaan toer het. Die klim van Sterkhorn en die besoek aan al die besienswaardighede in die Sentrale Drakensberge - dinge wat by oud-toerlede huishoudelike name geword het en wat sinoniem met alle toere is - het weer groot byval gevind. Hierdie eerste been van die toer slaag ná 23 jaar nog steeds daarin om die groepsgevoel onder matrikulante te versterk.

Die tweede deel van die toer is weer by Drakensville Omgewingsentrum deurgebring. Mount aux Sources is van hier af deur 'n groot groep geklim.

Die gees, kameraderie en selfbeheersing wat vanjaar onder die matrieks geheers het, het dit 'n baie geslaagde toer gemaak.

Baie dankie aan mev. Linda Wood wat die spyseniering behartig het. Dit word opreg waardeer. Aan die personeel, mnr. F. O'Connell en mej. A. Carstens, wat met hul positiewe ingesteldheid 'n reuse bydrae tot die sukses van die toer gemaak het: baie dankie!

Ons sien daarna uit om in 2005 die volgende matriektoer te onderneem.

3.4 MATRIEKDANS

Die Matriekdans is vanjaar weer in die Veremarksaal gehou. Op 23 Sep-tember is daar op deftige wyse van die 109 matrieks afskeid geneem. Dit was 'n gesellige funksie en beslis 'n geleentheid wat die matrieks as 'n hoogtepunt van hul Graad 12-jaar kan onthou!

3.5 LEERDER-POLISIËRINGSFORUM

Hierdie forum is aan die begin van verlede jaar in samewerking met die polisie van Walmer gestig. Rayno Wasserman en Casey-Lee Rankin het saam met mnr. Johan Smit op dié forum gedien.

Aangesien dit 'n nuwe konsep is, het dit maar gesukkel. Daar is egter heelwat projekte aangepak. Daar is onder andere ou klere versamel, wat dan onder die behoeftiges uitgedeel is. Ses vergaderings is gedurende die jaar gehou waarop belangrike sake betreffende misdaad bespreek is.

Daar is besluit dat 2005 uitgesonder gaan word om groot projekte soos optogte, die bespreking van dwelmmisbruik, ens. aan te pak.

Sterkte aan die span wat vir 2005 gekies gaan word.

3.6 **NOODHULP**

2004 was ‘n besondere besige jaar vir ons noodhulpgroep. Onder leiding van mnr. Johan Smit (instrukteur) het die noodhulp waardevolle diens aan die skool gelewer. Ons leerders het by alle tuiswedstryde van rugby, netbal, hokkie en atletiek diens gedoen.

Daar was altesaam twintig leerders, waarvan agt vlak 1 geslaag het en twaalf die beginnerskursus. Die kursus wat aangebied word is ‘n senior kursus en die sertifikate word deur die O.E.C. uitgereik. Hierdie sertifikate is professionele sertifikate en word landswyd erken.

Ons het ook al by ander skole gaan diens doen, en ons leerders het hulle puik van hulle taak gekwyt. Ons hoop dat ons in 2005 ook weer ‘n sterk span in die veld sal stuur.

Baie dankie aan ons “Dokter”, dr. Nico Koch, wat altyd bereid was om te help met woord en daad.

3.7 **BLOEDSKENK**

Die Malherbiete het vanjaar nie drup-drup gebloei nie, maar letterlik liters vol bloed geskenk.
Onder leiding van die Portuurleiers, en veral Elsabé Grobler, het die klinieke vanjaar besonder goed gefunksioneer.

KLINIEKE GEHOU

Datum	Potensiële skenkers	Werklike skenkers	Plek
27 Februarie	75	69	saal
7 Mei	70	65	saal
30 Julie	56	53	saal
22 Oktober	66	54	bussies (matrieks weg)

Die Portuurleier-wisseltrofee van die Bloedoortappingsdiens is vanjaar aan D.F. Malherbe toegeken. ‘n Wonderlike prestasie!
Baie dankie aan al die Malherbiete en personeel wat so getrou hierdie liefdesdiens verrig het.

3.8 **SPORT**

3.8.1 **ATLETIEK**

Vanjaar se kleurebyeenkoms op 28 Januarie het, anders as verlede jaar, onder gunstige omstandighede plaasgevind en die atlete het dit terdeë geniet by die UPE stadion. Baie geluk aan die Blouspan met hul oorwinning. ‘n Nuwigheid vanjaar waaroor ons almal baie opgewonde is, is die Interskole byeenkoms tussen ons en Hoërskool Nico Malan. Alhoewel ons atlete verbete geveg het, het Nico Malan hierdie geskiedkundige eerste byeenkoms gewen.

Vir volledigheid noem ons vir u dat die volgende atlete rekords by ons kleurebyeenkoms opgestel het: Lelani Bosch (hoogspring Do/19), Natascha de Villiers (800m en 1 500m Do/15), Renë du Toit (hoogspring Do/16), Pieter Jan Kilian (gewigstoot So/16), Martell Schoeman (spiesgooi Do/19), Wessel van Wyk (skyfwerp So/15), Samantha van Zyl (gewigstoot Do/15), Blouspan (aflos 4×100m So/17).

Daar het vanjaar meer as 160 van ons atlete aan die Sone 8 byeenkoms deelgeneem. By die Sone-byeenkoms het ons atlete veertien eerste, dertien tweede, elf derde, vyf vierde en twee vyfde plekke behaal. Sestig van ons atlete het tydens dié byeenkoms gekwalifiseer om aan die P.E. Hoërskole kampioenskappe deel te neem op 20 en 21 Februarie. Dertig DF atlete het hier gekwalifiseer om aan die O.P Hoërskole kampioenskappe deel te neem oor die naweek van 27 en 28 Februarie. Elf van ons leerders word ná hierdie byeenkoms gekies om O.P. te verteenwoordig by die Oos-Kaap kampioenskappe op 13 Maart in Cradock.

Die O.P. atlete is: Amor Adendorff (paalspring Do/19), Lelani Bosch (hoogspring Do/19), Natascha de Villiers (1 500m Do/15), Karlien Doubell (5 000m stap Do/17), Renë du Toit (hoogspring Do/16), Elske Ferreira (100m Do/17), Stephan Trytsman (spiesgooi So/15), Samantha van Zyl (gewigsoot Do/15), Janneke Wolmarans (paalspring Do/16), Annemi Wolmarans (10 000m stap Do/19) en Martell Schoeman (verspring en driesprong Do/19).

Ons O.P. atlete wat Cradock toe was vir die Oos-Kaap Kampioenskappe het hulle goed van hulle taak gekwyt en was goeie ambassadeurs vir ons skool.

Hulle het soos volg presteer:

Brons medalje: Stephan Trytsman (spiesgooi So/16)
Silwer medaljes: Elske Ferreira (100m Do/17), Renë du Toit (hoogspring Do/17).
Goue medaljes: Samantha van Zyl (gewigstoot Do/15), Martell Schoeman (driesprong Do/19 - nuwe Oos-Kaap rekord en verspring Do/19), Amor Adendorff (paalspring Do/19), Lelani Bosch (hoogspring Do/19), Janneke Wolmarans (paalspring Do/16).

Natascha de Villiers was vierde in die 1 500m Do/15 en Annemi Wolmarans en Karlien Doubell kon weens beserings nie deelneem nie. Karlien Doubell is ook gekies om die O.P. in die 5 000m stap by die S.A. Spele in Oos-Londen te verteenwoordig.

Sewe van ons atlete kwalifiseer om aan die USSASA (S.A. Hoërskole) kampioenskappe op Germiston te gaan deelneem. Die uitslae is soos volg: Martell Schoeman kry ‘n brons medalje in die driesprong en kom vyfde in die verspring. Martell se driesprong poging van 11,75m is ‘n persoonlike beste vir haar. Amor Adendorff wen ook ‘n brons medalje in paalspring. Lelani Bosch eindig elfde in die hoogspring, Karlien Doubell vierde in die 5km stap, Renë du Toit sesde in die hoogspring, Annemi Wolmarans vierde in die 10km stap en Janneke Wolmarans agste in die paalspring met ‘n persoonlike beste hoogte van 2,8m.

Die volgende DF atlete het vir Oos-Kaap in Bloemfontein aan die S.A. Junior en Jeug kampioenskappe deelgeneem: Martell Schoeman, Amor Adendorff, Lelani Bosch, Annemi Wolmarans, Karlien Doubell, Elske Ferreira, Alicia Marx, Renë du Toit, Janneke Wolmarans en Nellis Bothma.

Die uitslae is soos volg: Martell Schoeman (tweede - driesprong, vyfde - verspring), Amor Adendorff (derde - paalspring), Karlien Doubell (tweede - 5 000m stap), Annemi Wolmarans (sesde - 10 000m stap), Janneke Wolmarans (sesde - paalspring), Elske Ferreira (negende - 100m) en Nellis Bothma (sewentiende - 400m, sesde - driesprong). Baie geluk en baie dankie aan een en elkeen van julle. Ons is trots op julle.

Baie geluk ook aan Martell Schoeman wat as lid van die SA Skole span na die Afrika Spele in Mosambiek was en ‘n silwer medalje daar verower het met die beste sprong van haar loopbaan in die driesprong. Martell het sodoende ‘n O.P. Junior, o/23 en Senior rekord opgestel - die vorige senior rekord het ag jaar gestaan.

Die jaar se atletiek is afgesluit met ‘n ENGEN geborgde TOP 20 (tien seuns en tien dogters per skool) byeenkoms wat deur Hoërskool Brandwag by die Oval gereël is op 31 Oktober. Alhoewel dit vroeg in die “nuwe seisoen” was, het die Malherbiete hulle goed van hulle taak gekwyt en soos volg presteer: seuns (spankompetisie) vyftiende uit vier-en-dertig spanne en dogters (spankompetisie) negende uit twee-en-twintig spanne. Die beste dogtersatleet - Renë du Toit en die beste seunsatleet - Nellis Bothma. Daar is vier goue, vier silwer en 2 brons medaljes verower.

Baie geluk aan dr. Marius Wolmarans wat as voorsitter van die eerste D.F. Malherbe atletiekklub beïndruk het met sy passie vir en toewyding aan die sport. Die klub se prysuitdelingsfunksie was ‘n sprekende voorbeeld van Marius se professionele benadering.

Baie dankie ten slotte aan alle DF atlete, ouers en personeel wat betrokke was by ons pronkatletiek. Ons doelwit vir volgende jaar is om ten minste vyftien atlete in die O.P. span te hê.

3.8.2 **GHOLF**

Ons eerste gholfspan het ’n goeie 2004 seisoen beleef. Ons het weliswaar teen die sterk 1A-spanne in die liga verloor, maar kon gereeld ‘n gemiddelde van 20 punte per speler oor nege putjies handhaaf.

Die tweede gholfspan het ook redelik goed gevaar deur ‘n gemiddelde van 15 punte per speler oor nege putjies te behaal. Al die spelers se gholf het ‘n opwaartse kurwe getoon deur die jaar, maar die belangrikste is dat hulle dit geniet het.

De Wet Marais, ons kaptein en enigste matriek in die spanne, was ons beste gholfspeler van die jaar. Hy het ons skool se kampioenskappe gewen en het ook die beste gemiddelde per wedstryd behaal. Ons sê graag dankie aan hom vir sy mooi voorbeeld op en van die baan af. Reinhardt Steenberg (graad 9) het ook vanjaar geskiedenis gemaak deur die eerste gholfspeler van die skool te word om ‘n kolhou (“*Hole-in-one*”) op die veertiende putjie van die Humewood Gholfklub te behaal tydens ‘n kompetisie.

’n Baie suksesvolle gholfdag is op 13 Maart gehou en sal weer D.V. volgende jaar op 5 Maart plaasvind by Shark River Gholfklub.

Beide spanne sowel as die ondersteunersgroep het hulle wedstryde tydens Interskole teen Nico Malan verloor. Ons vertrou dat die bordjies volgende jaar tydens ons vyftigste bestaansjaar verhang sal word.

Ons voel opgewonde oor die jong gholfspelers wat oorbly vir die 2005 seisoen onder leiding van Leon de Beer, hulle kaptein. Almal het in Desember professionele lesse ontvang by *Walmer Woods Golf Academy*.

Dank aan:

Theuns Hattingh (ouer) wat as eerste voorsitter van die Gholfklub opgetree het;

Shark River Gholfklub vir alles wat aan ons gholfspelers aangebied is, asook die ondersteunersgroep tydens Interskole van 2004;

- menere Mornay Fourie en Ouboet du Preez vir groot hulp gelewer.

Ons sien opgewonde uit na die 2005 feesjaar.

3.8.3 HOKKIE (DOGTERS)

DF Hokkie was weer eens vanjaar bevoorreg om getroue en toegewyde spelers en afrigters te hê wat ons in staat gestel het om vyf spanne in die O.P. Skoleliga in te skryf.

Die spelers het hulle alles gegee tydens wedstryde en by oefeninge. Ek wil graag ieder en elkeen bedank en gelukwens met hulle entoesiasme en puik gedrag op en van die veld af. Graag bedank DF Hokkie ook al ons hokkie-ouers hartlik vir hulle getroue ondersteuning en positiewe gesindheid. 'n Spesiale woord van dank aan die lede van die hokkieklub komitee onder leiding van Amelia Steunenberg vir hulle onbaatsugtige diens. Baie dankie aan julle almal vir dit wat julle vir DF Hokkie beteken.

Daar is weer 'n uiters geslaagde afrigtingskursus gehou onder leiding van Bebe Steyn. Dit is wonderlik om so 'n bekende naam in SA Hokkie hier by DF te kon hê. Daar is besluit om nie in 2005 nog 'n afrigtingskursus te hou nie, maar om ons vyftigjarige bestaansjaar te vier met 'n toer! Ons is al hard aan die werk met die reëlings vir dié toer.

Ek het in verlede jaar se jaarverslag 'n uitdaging gerig aan die spelers wat ná die 2003 seisoen oorgebly het. Dié uitdaging was om voort te bou op die 2003 seisoen. Ek kan met alle eerlikheid sê dat julle, die spelers van 2004, wel daarop gebou het. DF Hokkie bly ons trots!

Tydens vanjaar se Sport Prysuitdeling is die volgende bekers toegeken. Baie hartlik geluk aan dié spelers.

Beste vordering o/14: Melanie Bosman
Beste vordering o/16: Jani Venter
Beste vordering o/18: Vanessa du Plessis
Beste speler o/14: Sjani van As
Beste speler o/16: Lizelle Steunenberg
Beste speler o/18: Charlotte Hauman

Die uitslae van die 2004 seisoen:

Span	Liga	Aantal wedstryde	Wen	Verloor	Gelykop
1ste	2de	15	4	10	1
2de	4de	10	6	3	1
o/16A	o/16B	11	3	4	4
o/16B	o/16C	10	1	9	0
o/14	o/14B	11	3	6	2

Ek wil graag my dank betuig aan al ons afrigters van 2004 by name: mev. H. van Straten en mej. C. Killian (onderwysers) asook ons buite-afrigters mej. C. Rietmuller, mev. K. Hauman, mej. C. McKnight en mej. M. Broodryk (doelwagters-afrigter). Baie dankie vir julle entoesiasme, toewyding en positiewe gesindheid! Sonder julle sou ons nie DF se hokkie kon uitbou nie.

3.8.4 HOKKIE (SEUNS)

Gedurende 2004 het ons twee seunspanne gehad. Die o/16-span het in die B-liga gespeel en is deur Donovan Smith afgerig. Die o/18-span het in die C-liga gespeel en is deur Bruce Perry afgerig. Albei spanne het tien wedstryde gespeel. Die spanne het soos gewoonlik hulle alles gegee tydens die wedstryde. Ons twee afrigters het goeie werk gedoen en bygedra tot die sukses van ons spanne. Ons hoop om die komende seisoen weer van hulle dienste gebruik te maak.

Ons wil graag alle betrokkenes bedank vir die ondersteuning en hulp gedurende die seisoen. Baie dankie aan Charlie Rose (kaptein o/18) en Charl Liebenberg (kaptein o/16) vir hulle hulp en ondersteuning. 'n Spesiale dankie aan die volgende persone wat gehelp het met die vervoer: mnr. Hannes Potgieter, mev. Liebenberg en mev. Marais.

Baie geluk aan die volgende spelers wat tydens ons Sport Prysuitdeling die volgende bekers ontvang het:

Fourie-beker vir beste vordering (junior) - Charl Liebenberg, Bellingan-beker vir beste speler (junior) - Lenel Oosthuizen, Fourie-beker vir die beste vordering (senior) - Dayne McLeod, Bellingan-beker vir die beste speler (senior) - Charlie Rose.

Ons vertrou dat die komende seisoen suksesvol en opwindend sal wees.

3.8.5 KRIEKET

Tydens die 2003/2004 seisoen het ons weer drie spanne in die onderskeie ligas ingeskryf.

1ste liga
3de liga
o/15 B-liga

Ons wil graag alle betrokkenes bedank vir die ondersteuning en hulp wat van dié seisoen 'n sukses gemaak het. Dankie ook aan mnr. en mev. Van der Merwe, wat met die etes tydens die eerste span wedstryde gehelp het.

Mnr. Hannes Potgieter en mnr. Willie Mostert speel 'n baie belangrike rol met werk en reëlings om die fasiliteite op standaard te hou.

Raymond du Preez en Rudi Stander, ons twee buite-afrigters, doen goeie werk en dra baie by tot die sukses van ons spanne en ons hoop om die komende seisoen weer van hul dienste gebruik te maak. Ons hoop om mnr. F. Roets ook by die krieket te betrek en volgende jaar ook weer 'n o/14 span in te skryf.

Ons vertrou dat die komende seisoen suksesvol en opwindend sal wees en sien uit na wedstryde teen ou vriende soos Framesby, Otto du Plessis, Andrew Rabie, Nico Malan, Victoria Park en Despatch.

3.8.6 DOGTERSKRIEKET

Daar het vanjaar dertig dogters deelgeneem aan dogterskrieket wat in 'n eerste en tweede span in die ligas ingeskryf was. Gedurende die eerste kwartaal is daar ligawedstryde gespeel en gedurende die vierde kwartaal slegs vriendskaplike wedstryde. DF se eerste span het sewe wedstryde gespeel, twee gewen en vyf verloor en ons tweede span het nege wedstryde gespeel, twee gewen en sewe verloor.

Chermoné van Vuuren het ook gedurende 2004 die O.P. Senior Vrouespan in die Nasionale liga verteenwoordig en puik vertonings gelewer.

Baie dankie aan die spelers vir hul entoesiasme en deelname, mnr. Bezuidenhout, mnr. Erasmus, mnr. Potgieter en mnr. Mostert vir hul hulp en die puik fasiliteite. Spesiale dank ook aan die afrigters naamlik Mark Myburgh, Eugene van der Walt (2003/2004) en Janie Fourie en Shafieka Pillay (2003/2004), wat in die SA oefengroep vir die 2005 Wêreldbeker is.

3.8.7 LANDLOOP

Daar het hierdie jaar sommer baie interessante dinge op landloopgebied plaasgevind. Ons atlete het uitstekend gevaar en feitlik in elke wedloop hul vorige tye verbeter. Ons het ook vanjaar die voorreg gehad om Leonardo de Villiers as afrigter te hê. Baie dankie vir al sy moeite en opofferings en dat hy bereid was om ons so mooi te help.

Gedurende die Knysna Oesterfees het die atlete aan 'n landloopkompetisie deelgeneem en soos volg gevaar: Alicia Marx behaal 'n vierde plek; Natascha de Villiers, Karlien Doubell en Lehandi Fourie behaal vyfde plekke en Annemi Wolmarans 'n sewende plek. Die Treinwedloop was ook hierdie jaar op die program en ons meisiespan hardloop 'n derde plek in die hoërskole-afdeling los.

Prestasies

Op ons jaarlikse prysuitdeling is Alicia Marx aangewys as die beste dogterslandloopatleet terwyl Garth van Eck aangewys is as die beste seunsatleet. Lehandi Fourie, Alicia Marx, Karlien Doubell en Yolande Gerber is ook gekies as lede van die O.P.-landloopspan.

Baie geluk aan ons atlete met baie mooi prestasies. Mag dit volgende seisoen nog beter gaan.

3.8.8 MUURBAL

Ons het hierdie jaar drie muurbalspanne gehad. Gedurende die eerste en vierde kwartale is die spelers Woensdae en Donderdae deur oom Sticks Viljoen afgerig. Die tweede en derde kwartale het ons elke Vrydagmiddag muurbalwedstryde gespeel. Ons spelers se gedrag in hierdie wedstryde was onberispelik en hulle het hul goed van hul taak gekwyt.

André Laas, Corné Schoeman, Kim Dickason, Lizelle Steunenberg en Jani Venter het na die O.P. proewe deurgedring. Ons is besonder trots op André wat vir die O.P.-span gekies is. Hy is een van die ses beste o/19 spelers in die O.P.. In die geslote kwalifiserende toernooi in Johannesburg het hy 25ste geëindig en dus gekwalifiseer om aan die S.A.'s deel te neem.

Baie dankie aan mnr. Viljoen vir sy gewilligheid en opoffering om ons leerders met soveel entoesiasme af te rig. Ons waardeer dit opreg.

(

3.8.9 **NETBAL**

DF kan weer eens terugkyk op 'n baie suksesvolle seisoen. Tien spanne het gereeld Saterdae wedstryde gespeel en deurgaans baie goed gevaar.

Ons skool is ook baie goed in die Oos-Kaapspanne verteenwoordig:

o/15 Oos-Kaap: Zusi Seyisi, Larita van Wyk
o/16 Oos-Kaap: Renë du Toit (kaptein), Lily Seyisi
o/19 Oos-Kaap: Martell Shoeman (onderkaptein), Amor Adendorff, Lehandi Fourie, Mariska Strydom

Tydens die O.P.-kampioenskappe by Hoërskool Linkside het ses van ons spanne om die bekers meegeding. Net die o/19A-span kon daarin slaag om met die louere weg te stap. Die ander spanne het egter al hulle wedstryde slegs met 'n doel of twee verloor.

Ons o/19A-span was hierdie jaar weer baas in die O.P.. Ongelukkig het hulle tydens die interskolebyeenkoms teen Grens verloor (met net twee doele). Hulle wen vanjaar weer 'n handvol bekers: (1) Karriefees, (2) Elitekampioenskappe, (3) Interskole teen Nico Malan en (4) O.P.-kampioenskappe.

Die netbaluitslae, slegs ligawedstryde, lyk soos volg:

	Wedstryde	Wen	Gelykop	Verloor
o/19A	8	8	0	0
o/19B	8	7	0	1
o/19C	8	8	0	0
o/19D	9	5	0	4
o/16A	7	5	0	2
o/16B	9	6	1	2
o/16C	9	4	0	5
o/16D	8	8	0	0
o/14A	9	6	0	3
o/14B	10	3	0	7

Ons het ook aan die begin van die vierde kwartaal 'n baie suksesvolle prysuitdelingsfunksie in die Roetssentrum gehad. Hier is speelsters van al die spanne vir hulle bydraes beloon. As geleentheidspreker het Lana Krige, Proteaspeelster, opgetree. Sy het baie daartoe bygedra om van hierdie aand 'n groot sukses te maak.

Baie dankie aan elke afrigster en speelster wat daartoe bygedra het om van hierdie seisoen so 'n groot sukses te maak.

DF Netbal is ons trots!

3.8.10 **RUGBY**

DF Rugby het 'n baie suksesvolle seisoen beleef. Ons spanne het goed gevaar in hul onderskeie ligas.

Rugby uitslae 2004

Span	Speel	Wen	Verloor	Gelykop
Eerste span	19	8	10	1
Tweede span	18	8	10	0
Derde span	15	7	8	0
Vierde span	11	7	4	0
o/15 span	17	5	12	0
o/14 span	15	4	11	0

Drie van ons spelers is vanjaar in O.P. spanne opgeneem. Rayno Wasserman (O.P. Akademie o/18), Corné

Schoeman en Steffan Raubenheimer (O.P. o/16). Steffan is ook aangewys as kaptein van die O.P. o/16 span.

Die toekenning vir "span van die jaar" het vanjaar aan die vierde span gegaan.

Die sukses van al ons spanne kan grootliks toegeskryf word aan spanwerk en die getroue ondersteuning van ons ouers, oud-skoliere en ander belangstellendes.

Sonder ons borge kan ons nie bou aan die toekoms nie en ek wil graag die volgende bedank vir hul reuse bydrae tot die sukses van die seisoen: Bojanic Prokureurs, Pick 'n Pay, La Roche Caltex en Jakes van der Merwe.

Spesiale dank aan al ons afrigters vir al die harde werk en lang ure wat elkeen ingesit het om van die seisoen 'n sukses te maak. Dankie ook aan ouers en unie-skeidsregters wat bo en behalwe hul normale toewysings nog van ons westryde hanteer het.

'n Groot dankie aan Ouboet en Oom Hannes vir hul onbaatsugtige diens aan DF-rugby - woorde kan julle nie genoeg bedank nie. Baie dankie ook aan mnr. Johan Smit en sy noodhulp span.

Baie dankie aan die DF Rugbyklub se bestuur vir hul hulp en bydrae tydens die rugbykamp en die res van die seisoen.

3.8.11 **SKAAK**

DF se skaakspan het verlede jaar se groot prestasies ver verbygesteek. Ons eerste span speel in die A-afdeling en die uitslae is soos volg:

Ons klop Bethelsdorp (6½ - ½), en Brandwag (7 - 0), speel gelykop teen David Livingstone (3½ - 3½), klop Pearson (6 - 1), Grey (6 - 1), Kwesi Lomso (5 - 2), Alexander Road (7 - 0), Andrew Rabie (6 - 1) en Bertram (7 - 0).

Ons tweede span het in die C-afdeling gespeel.

Verskeie spelers het aan die nasionale kampioenskappe deelgeneem en goeie prestasies behaal. In Desember 2003 by die S.A. Junior kampioenskappe het Wessel van Wyk 'n agste, Eduard Prinsloo 'n twaalfde, Elmie Janse van Rensburg 'n veertiende en Johannes Naude 'n twee-en-dertigste plek uit meer as honderd spelers behaal. Heinrich Basson behaal 'n negende plek in die o/14 afdeling. Heinrich en Wessel word genooi om gedurende April aan die SA Junior Geslote toernooi in Pretoria deel te neem. Elmie neem deel aan die O.P. Dames Ope gedurende Maart en behaal 'n derde plek (Brons Medalje). Sy neem ook in April deel aan die SA Dames Ope in Pretoria en behaal 'n algehele drie-en-twintigste plek.

In die PE o/16 Kampioenskappe behaal Wessel die algehele tweede plek (Silwer Medalje) en Elmie die algehele derde plek (Brons Medalje). Elmie is ook die wenner van die Goue Medalje vir die meisies o/16 afdeling.

Eduard en Wessel neem gedurende Junie aan die SA Ope Kampioenskappe en die Wêreld Amateur Kampioenskappe in Kaapstad deel.

In die O.P. o/16 kampioenskappe behaal Heinrich die tweede plek (Silwer Medalje) en Wessel die derde plek (Brons Medalje). Elmie wen die Goue medalje (eerste plek) vir meisies o/16.

Gedurende die September vakansie het ons eerste span, as die wenners van die Hoërskole liga in die O.P., aan die USSASA Top Skole toernooi in Pretoria gaan deelneem. Die span behaal 'n algehele sesde plek uit sestien spanne van oor die hele Suid-Afrika. Dit is voorwaar 'n groot prestasie om gekroon te word as die sesde beste skaakspan in die land, in die span se eerste deelname as 'n span op hierdie vlak! Veral ook as in ag geneem word dat spanne soos Afrikaans Seuns Hoër met drie SA-spelers, Hoërskool Waterkloof met vyf SA-spelers en Hoërskool Wonderboom met twee SA-spelers aan die toernooi deelgeneem het.

Die toernooi in Pretoria het soos volg verloop:

Eerste Rondomtalie rondes:

1. Gelyk teen Hoërskool Swellendam - 3 - 3
2. Verloor teen Afrikaans Seuns Hoër - 1½ - 4½
3. Klop Hoërskool Gerrit du Plessis - 6 - 0

Oorkruis afdeling uitspele:

1. Verloor teen Grey (Bloemfontein) - 2½ - 3½

Tweede Rondomtalie rondes:

1. Klop Hoërskool Wonderboom - 5 - 1
2. Klop Baloy Hoër Tegniese Skool - 3½ - 2½
3. Verloor teen St Andrews - 1½ - 4½

3.8.12 **TENNIS**

Ons spelers het vanjaar met gemengde welslae in die onderskeie ligas gespeel. In die eerste kwartaal het ons vier dogterspanne en drie seunspanne ingeskryf. Die entoesiasme waarmee al die seuns en dogters gespeel het, het opgeval. Baie dankie daarvoor.

In die winterseisoen kon ons slegs een seunspan en een dogterspan in die 2A liga inskryf. Tydens interskole teen Nico Malan het veral ons seuns 'n taai stryd gehad, maar ons het ongelukkig verloor. In die vierde kwartaal het ons eerste spanne met sukses in die 2A liga gespeel en al hulle wedstryde gewen of gelykop gespeel. Dankie ook aan die tweede spanne wat met baie ywer geoefen en gespeel het. Baie geluk aan Lara Zeelie wat in die o/16A P.E. en Distrikte oefengroep ingesluit is.

Aan al die spelers, hul ouers en die personeel betrokke: baie dankie vir u bydrae. Ons sien uit na 'n jaar van heerlike tennis in 2005.

3.9 **O.P. VERTEENWOORDIGERS 2004**

Atletiek	: Amor Adendorff, Lelani Bosch, Natascha de Villiers, Karlien Doubell, Renë du Toit, Elske Ferreira, Martell Schoeman, Stephan Trytsman, Samantha van Zyl, Annemi Wolmarans, Janneke Wolmarans
Gimnastiek	: Sherise van Dyk
Hengel	: Stephan Ferreira, Andre Hayward, Marcel Steunenberg, Tommy Verster (varswater)
Judo	: Armand Scheepers, Shantell Scheepers
Karate	: Marjorie Hewitt, Rénir van Tonder (S.A.)
Koor	: Oos-Kaapse Kinderkoor: Candice Caine, Herman Geyer Oos-Kaapse Jeugkoor: Alisca du Plooy, Jacqueline du Toit, Monique Iverson, Bianca Vermaak
Krieket	: Chermoné van Vuuren (Seniors)
Landloop	: Karlien Doubell, Lehandi Fourie, Yolande Gerber, Alicia Marx
Muurbal	: André Laas
Netbal	: (Oos-Kaap): Zusi Seyisi, Larita van Wyk (albei o/15); Renë du Toit (kaptein), Lily Seyisi (albei o/18); Martell Schoeman (onder-kaptein), Amor Adendorff, Lehandi Fourie, Mariska Strydom (almal o/19)
Ritmiese Gimnastiek	: Shantell Scheepers
Rugby	: Steffan Raubenheimer (kaptein), Corné Schoeman (albei o/16), Rayno Wasserman (o/18)
Skaak	: Eduard Prinsloo (o/20), Heinrich Basson, Christian Crouse, Elmie Janse van Rensburg, Wessel van Wyk (almal o/16A), Diederick Dippenaar (o/16B)
Swem	: Adri Louw
Tweekamp	: Lehandi Fourie, Lenel Oosthuizen
Waterballet	: Ané Ferreira

3.10 **ANDER PRESTASIES**

Die volgende leerders het vanjaar ook ons skool se naam hoog gehou:

3.10.1 **Bybelvasvra**: DF se spanne het die volgende plekke verower in 'n wedstryd: eerste, tweede, derde, vyde en sesde. Die leerders het besluit om hul prysgeld vir Bybels vir gevangenes te skenk.

3.10.2 **Matriek van die Jaar kompetisie**: Annemi Wolmarans was een van die twee finaliste in die Matriek van die Jaar kompetisie.

3.10.3 **Karate**: Rénir van Tonder het Suid-Afrika by die Wêreldbeker by-eenkoms verteenwoordig en uitstekend presteer. In die span-afdeling (o/21) het sy span derde gekom en in die o/18 Kata het hy derde uit 45 deelnemers geëindig (twee brons medaljes dus).

Marjorie Hewitt is gekies om S.A. by die JSKA Wêreld kampioen-skappe te verteenwoordig.

Pieter en Jana Alberts het aan die S.A. JKA Karate kampioen-skappe deelgeneem. Jana het ‘n brons medalje gewen en het ge-kwalifiseer om S.A. te verteenwoordig by die *Shoto Cup World* JKA kampioenskappe in Japan.

3.10.4 **Swem**: Adri Louw het deur die loop van die jaar aan verskeie galas deelgeneem en ‘n groot aantal goue, silwer en brons medaljes gewen. Ander prestasies was dat sy gekwalifiseer het om aan die S.A. Prestige Vlak 3 kampioenskappe deel te neem, en derde in die ope-afdeling van die *Redhouse Mile* was.

3.10.5 **Lewensredding**: Stephan Steinmann het in die Oos-Kaapse strand-lewensreddingspan kampioenskappe ‘n eerste plek (goud) in die naelloop en die lang afstand behaal, en is benoem as die o/19 deel-nemer van die kampioenskap. By die S.A. kampioenskappe het hy toe ‘n eerste plek in die o/19 afdeling behaal. Die Sardinia Baai Lewensreddingklub het hom aangewys as hul beste Junior en Senior Deelnemer van die Jaar.

3.10.6 **Fietsry**: Tiaan Troskie het die Argus fietstoer (105km) in die uit-stekende tyd van 3h33m afgelê.

3.10.7 **Skoonheidskompetisie**: Matinique Frieslaar was ‘n finalis in die *New Face (South Africa) 2004* nasionale kompetisie. Hier het sy na die internasionale kompetisie in Milaan deurgedring.

3.10.8 **Gimnastiek**: Sherise van Dyk het eerste plekke in Spronge, Brug, Balk en Vloer asook die algehele eerste plek by die Anderson’s Gimnastiekklub se *Girls’ Artistic Competition* behaal. By die O.P. proewe was haar prestasies soos volg: Vloeroefening - eerste; Spronge - tweede; Balk - tweede; Ongelyke brug - eerste; Algeheel - tweede plek. Tydens twee O.P. Uitnodiging-kompetisies behaal sy ‘n eerste plek op dubbel-mini trampolien en ‘n eerste plek op die Hero trampolien; Balk - derde; Vloeroefening - tweede; Ongelyke brug - derde en ‘n algehele derde plek.

3.10.9 **Digkuns**: Rozanne Roodt se gedig *I greeted Him* is deur die *Poetry Institute of Africa* aanvaar vir publikasie in *Silent Skies*, ‘n digbundel met die beste van vandag se jeug se gedigte.

3.10.10 **Mnr. en mej. Oos-Kaap Hoërskole**: Emile Bester het derde in die mnr. Oos-Kaap Hoërskole-kompetisie gekom.

3.10.11 **Sang**: Samantha de Klerk het ‘n derde plek by die Kingfisher Sangkompetisie losgesing.

3.10.12 **Hengel**: Marcel Steunenberg is aangewys as die O.P. se Junior hengel-kampioen.

3.10.13 **Perdry**: Diandra Scholtz het ‘n eerste plek in die dressuur-afdeling behaal.

3.10.14 **Fotografie**: Nina Rossouw het dit reggekry om ‘n foto in *Die Huisgenoot* gepubliseer te kry.

3.10.15 **ATKV**: Janita Petzer is as jeuglid van die ATKV se P.E. jeugtak gekies.

3.10.16 **Ritmiese Gimnastiek**: Shantell Scheepers het ‘n tweede plek (silwer medalje) by die SA kampioenskappe behaal.

4. **FINANSIES**

ONTVANGSTE	
Skoolgeld	R1 804 862
Ander Inkomste	331 304
TOTAAL	**R2 136 166**
BETALINGS	
Alarm	2 633
Assuransie	34 501
Fotostaatmasjien	142 895
Brandstof en reparasies (voertuie)	37 640
Voorraad Klere - Sport	-
Munisipale dienste	87 759
Administratiewe koste:	
Telefoon	74 305
Skryfbehoeftes (kantoor)	27 096
Instandhouding	129 265
Prysuitdeling	22 897
Sportfasiliteite	115 824
Skryfbehoeftes (leerders)	34 681
Kultuur	41 964
Advertensies	11 786
Bankkoste & Ouditgelde	31 541
Posgeld	4 314
Toiletbenodigdhede - skoonmaak	21 838
Vakuitgawes	39 395
Handboeke leerders	21 199
Salarisse	941 107
Kapitaal Fondse (o.a. VCSV, Toerfonds, Malherhiet ens.)	155 532
Kampe	5 925
Rekonstruksie en Ontwikkeling	9 783
Lening	172 617
TOTAAL	**R2 166 497**

5. **IN MEMORIAM**

Vroeg in die jaar is DF getref deur die dood van Christopher Sneesby in Graad 9. Ons wil weer ons meegevoel met sy gesin betuig. Ander lede van ons DF familie wat vanjaar nabye familie-lede aan die dood afgestaan het, was:

Mnr. P. Hauman: Moeder
Mnr. A. van Wyk: Vader
Mej. E. Jonker: Vader
Mev. K. Stead: Skoonma
Mev. D. Griffin: Skoonma
Mev. M. Odendaal: Skoonpa
Mev. L. Peens: Skoonpa
Mnr. J. de Jager: Skoonsuster
Mev. R. van der Merwe: Moeder
Alisca Gerber: Moeder
Talita Jonck: Stiefpa

6. ALGEMEEN

6.1 GEBEDSGROEP

Hierdie groep het weer gereeld elke Dinsdagoggend saamgekom om vir die skool, al sy mense en aktiwiteite te bid. Soos in die verlede het die Matrieks spesiale aandag in eksamentyd gekry met Bybeltekse en lekkers. Onderwysers het steeds die geleentheid om individueel sake vir voorbidding deur te gee.

Dié groep bly 'n klein Gideonsbende wat 'n uiters belangrike rol in ons skool speel, en rig weer 'n uitnodiging aan ouers om by hulle aan te sluit.

6.2 D.F. MALHERBE GEDENKLESING

Die Hoërskool D.F. Malherbe was vanjaar besonder bevoorreg om die bekende prof. Nic Wiehahn as geleentheidspreker te hê. Sy gepaste lesing het op 'n besondere wyse die nagedagtenis van prof. D.F. Malherbe, die persoon na wie ons skool vernoem is, geëer. Die jaarlikse Gedenklesing het beslis nog verder gegroei tot iets waarop almal wat hul met D.F. Malherbe vereenselwig, trots kan wees. Die kabaretvertoning van Lize Beekman, saam met die optrede van ons eie kabaretgroep o.l.v. mev. C. Landman, het verder nie alleen bygedra tot 'n trots en waardering van ons eie taal nie, maar ook tot die sukses van die feesweek. Ook die eenbedrywe het groot luister aan dié week verleen.

Aan die OOV wie se betrokkenheid 'n groot bydrae gemaak het tot die suksesweek: hartlik dankie.

6.3 BEMARKING

Baie projekte is afgehandel en die volgende verdien spesiale vermelding.
Dinsdag 16 Maart is Joost van der Westhuizen tydens 'n ontbytsessie in die Konferensiesentrum by die *Boardwalk* ontvang. Sy toespraak was baie insiggewend en het baie lig gewerp op verskeie knelpunte in ons rugby en die lug is veral gesuiwer ten opsigte van die veelbesproke *Kamp Staaldraad*!

Mannetjies Roux en Hannes Marais was ons sprekers tydens 'n spogdinee op Donderdagaand 12 Augustus in die Veremarksentrum. Bykans 300 mense het die geleentheid bygewoon!

Die advertensieborde op ons sportveld blyk 'n groot bron van inkomste te wees en het 'n totale inkomste van R69 917,00 ingebring.

Bertha Cronje (gewese eggenote van oorlede Hansie Cronje) was 'n absolute hoogtepunt tydens 'n Damestee op Saterdag 18 September in die skoolsaal. Bykans 400 dames het die funksie bygewoon en Bertha het slegs die mooiste herinneringe van ons skool teruggeneem George toe.

Die Bemarkingskantoor het behalwe wye advertensie en publisiteit vir die skool 'n totale inkomste van ongeveer R220 000,00 opgelewer! Baie, baie dankie aan al ons adverteerders en donateurs wat 'n groot bydrae gelewer het. Hartlik dankie ook aan ons mediakonsultant, Fanie Marais, vir sy groot bydrae om vir ons skool media-dekking te kry.

Alreeds in die pyplyn vir 2005:

- Donderdagaand 18 Augustus - Veremarksentrum - Dinee met Nico Nel en Danie Niehaus (*Maak-'n-las* faam) asook ons ou vriend, Frik du Preez (Springboklegende). Dié aand gaan 'n riller wees!
- Saterdag 17 September - Damestee - skoolsaal. Gasspreker: Natalie du Toit (wenner van vyf goue medaljes - Para-Olimpiese Spele)

6.4 OUD-SKOLIERE

Die volgende komitee is vir Oud-skoliere Bond vir 2005 gekies:

Voorsitter:	Mnr. Bennie de Klerk
Ondervoorsitter:	Mnr. André Willemse
Sekretaris:	Mnr. Nardo Vorster
Hulp-sekretaris:	Mev. Elsa Serfontein
Addisionele lede:	Mev. Lynette Oosthuizen
	Mnr. Kobus de Vos
	Mej. Esti de Klerk

Die volgende reünies het plaasgevind:

- 1983 Matrieks - Saterdag 20 Maart 2004
- 1974 Matrieks - naweek van 10, 11 en 12 September 2004

Vir hierdie laaste groep was dit 'n belewenis om mekaar weer ná 30 jaar te sien en daar is uitermatig gesels en

gekuier!

Oud-skoliere dag was op Saterdag 6 November en verskeie sportwed-stryde het plaasgevind, waaronder ‘n rugbywedstryd tussen die “Jong Turke” en die “Hardebaarde”! Die dag is afgesluit met ‘n Braai en Dans.

Omdat ons skool in 2005 50 jaar oud is, beplan ons ‘n groot oud-skoliere saamtrek tydens die eerste week van die Septembervakansie. Meer inligting sal later deurgegee word.

7. ’N DRINGENDE VERSOEK

Soos elke jaar wil ek graag hier vir ons ouers vra om asseblief vir DF (leerders, personeel, Beheerliggaam en ouers) in u gebede te dra - ons het u voorbidding steeds baie nodig.

8. TEN SLOTTE

My opregte dank aan

- ons leerders, om wie alles tog maar gaan, vir die manier waarop julle DF dien en alles die moeite werd maak;
- ons span opvoeders vir die baie driwwe waardeur julle die DF wa gesleep het;
- ons administratiewe personeel vir julle groot werk wat met soveel vriendelikheid gedoen word;
- ons opsigter en terreinpersoneel vir julle dikwels ondankbare werk;
- ons bemarkingsbeampte en sport-organiseerder vir julle groot werk in belang van DF;
- ons ouerkorps vir volgehoue betrokkenheid, ondersteuning, vriendelikheid en voorbidding;
- die Beheerliggaam vir julle onbaatsugtige werk;
- ons donateurs uit ouer-, sake- en kerklike geledere;
- die personeel van ons distrikskantoor;
- mej. Sauer, ons Onderwys-Ontwikkelingsbeampte, vir haar werk;
- die LUR, mnr. Matomela en sy voorganger, me Jajula, vir hul bydrae tot Oos-Kaap onderwys;
- ons getroue en liefdevolle Hemelse Vader, want DF kon die afgelope jaar nog steeds getuig van die waarheid van

Laat jou lewe aan die Here oor
en vertrou op Hom; Hy sal sorg.
Ps. 37 : 5

P. HAUMAN
SKOOLHOOF1 DESEMBER 2004